Senties JANUARIE rooimier.senties@gmail.com

# ROOIMIER 3

DAARS WERK KOMAAN

Nuusbrief van Sentrale Volkskool Kroonstad Skoolhoof: Mnr LGH Welthagen Tel : 056 2125 731 Hillstraat 92

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR :

'n Mens kan verskillende passies hê, en daarom het jy nie net een doel op aarde nie. As ek net op een area fokus waaroor ek passievol voel, gaan ek dalk iets wonderliks misloop. Ek gaan heel moontlik onvervuld voel. Daarom probeer ek altyd om gebalanseerd by alles uit te kom. Jy is uniek geskep om 'n verskil te maak. Jou roeping is om jou volle potensiaal te bereik! Jy is vir 'n doel geskep, en jy beskik oor alles wat jy nodig het om daardie doel te bereik. Dit is hoe wonderlik ons gemaak is. Miskien is jy nie nou in die posisie om jou droom voluit na te jaag nie. Probeer dan om elke dag ten minste 'n stukkie daarvan te beleef! Baie mense is later in hulle lewe spyt omdat hulle nie gewaag het om hulle droom te leef nie.

Moenie jou gawes wegpak vir eendag of jou talente begrawe nie. Gebruik dit! Met God aan jou kant kan jy jou droom uitleef. Jou Hemelse Vader wil graag hê jy moet suksesvol en voorspoedig leef en jou volle potensiaal bereik. Die eertydse Amerikaanse president Abraham Lincoln het gesê: "I never had a policy; I have just tried to do my very best each and every day." Moet nooit redeneer jy is te oud om iets nuuts te probeer nie. Die Italiaanse komponis Verdi het van sy bekendste werke gekomponeer toe hy reeds in sy tagtigs was en die beroemde kunstenaar Michelangelo het tot sy dood op 88 jaar nog steeds gehalte werk gelewer.

Moenie verskonings uitdink waarom jy nie jou droom kan nastreef nie. Tien persent van mense se sukses is te danke aan 'n goeie skoot geluk, twintig persent aan intelligensie of talent, en sewentig persent is die gevolg van faktore waaroor jy beheer het. Kies om uit jou gemaksone te beweeg en die lewe met passie aan te gryp. Joan Baez het gesê 'n mens kan nie kies hoe jy gaan sterf nie, maar jy kan kies hoe jy gaan leef. Doen wat nodig is, dan wat moontlik is en voor jy jou kom kry, doen God die onmoontlike in jou lewe! Wanneer jy doen waarvoor jy gemaak is, begin jy lewe.

Dankie aan passievolle kinders, ouers en personeel wat van die atletiek en die swemgala so 'n groot sukses gemaak het. Die deelname van die leerlinge was ongelooflik gewees en Senties kan weer uitsien na 'n goeie seisoen op die baan en in die swembad. Geluk aan elke atleet en swemmer met goeie prestasies die afgelope week. Dankie aan afrigters wat vir ure in die son ons kinders afrig en tot laat in die aand by byeenkomste werk. Dit getuig van passie!

| **DATUMLYS** | |
|---|---|
| 2 FEB | Steak-ete (Kroon Boma)<br>Wegbrekers : Gr.7 (SEROBE)<br>Kroon Swemgala (Môrewag) |
| 3 FEB | Wegbrekers : Gr.7 (SEROBE) |
| 5 FEB | Koshuisvergadering |
| 6 FEB | Finansiële Vergadering om 17:30<br>Satelliet Atletiekbyeenkoms (Rooiskool) |
| 7 FEB | QLTC en LTSM vergadering<br>Tweekamp (Welkom)<br>Expo Werkswinkel om 14:30 (Gimnasium) |
| 10 FEB | Fichardtpark Atletiekbyeenkoms (OVS |

**Alle aspirant akteurs en aktrises!!!**

Spraak- en dramaklasse sal op DV 7 Februarie 2018 begin! Gr.1 -3 leerlinge kan hul name by Juf. Monique Slabbert of Juf. Anzel Boshoff opgee. Gr. 4 - 7 leerlinge, maak 'n draai by Juf. Dene Els om 'n plekkie te bespreek. Kostes is R150 vir die jaar.

**ASSESSERING : FEBRUARIE**

| GR | VAK | BESKRYWING | DATUM |
|---|---|---|---|
| 7 | WISK | Toets : GGF, KGV & Eienskappe | 5 FEB |
| | ENG | Listening Test | 5 FEB |
| | EBW | Toets (Bl.7 - 15) | 8 FEB |
| | AFR | Toets : Hoofstuk 1 (Bl.2, 7-9 & Teikenwerkvelle) | 9 FEB |
| | ENG | Writing a poem | 13 FEB |
| | NW | Plakkaat : Biodiversiteit (Inligting sal uitgedeel word aan leerders.) | 16 FEB |
| | ENG | Prepared Reading | 19 FEB |
| | ENG | Prepared Speech | 28 FEB |
| | NW | Toets | 29 FEB |
| 6 | AFR | Mondeling : Mite (Bl.17-19 : Kies 1 van die 2) | 9 FEB |
| | ENG | Listening Test | 5 FEB |
| | WISK | Toets (Tema 1 - 3) | 8 FEB |
| | ENG | Writing an e-mail | 13 FEB |
| | NW | Plakkaat : Voedingstowwe (Inligting sal uitgedeel word aan leerders.) | 16 FEB |
| | ENG | Prepared Reading | 19 FEB |
| | ENG | Prepared Speech | 28 FEB |
| | NW | Toets | 29 FEB |
| 5 | ENG | Writing (No formal preparation) | 7 FEB |
| | WISK | Toets (Bl.4-13) | 7 FEB |
| 4 | ENG | Prepared Reading (Reader Pg. 8&99) | 6 FEB |
| | WISK | Toets : Bl.4-8, 11-15 | 9 FEB |
| | ENG | Oral : My favourite sport/pet | 19 FEB |

**Lewensvaardigheid (Gr.4 - 7)**
Alle assesserings word in die klas gedoen. Geen inligting is nodig nie!

- **GRAAD 7 WISKUNDE :**

Ekstra klasse (Didakties) Maandae tot Donderdae vanaf 13:30 - 14:00 vir alle leerlinge wat probleme ondervind.

- **REVUE :**

Revue begin 5 Februarie vir alle leerlinge vanaf graad 4 - 7. Oudisies vind plaas op 15 Februarie.

- **BESTUURSLIGGAAM :**

Bestuursliggaam-verkiesing op 15 Maart 2018 in skoolsaal.

- **SKOOLGELD & KWYTSKELDING :**

Skoolgelde van gr. 1-7 beloop vanjaar R 10250.00 per leerling oor 11 maande, m.a.w. R 850.00 per maand met 'n aanvangsfooi van R900. Hierdie aanvangsfooi is deel van die skoolgelde. 'n Vriendelike beroep word op elke ouers gedoen om u kind se skoolfonds stiptelik te betaal. In belang van ouers wat gereeld betaal, word uitstaande bedrae aan invorderaars oorhandig.
Aansoeke om finansiële hulp moet nie later as 12 Februarie 2018 by mev. Elbé Wessels ingedien word. Aansoekvorms is by die kantoor beskikbaar. GEEN LAAT OF ONVOLLEDIGE AANSOEKE SAL OORWEEG WORD NIE. Stiptelike betalings en vroegtydige reëlings sal verseker dat daar nie aan die einde van die jaar agterstallige gelde is wat probleme veroorsaak nie. Alle ouers wat wil aansoek doen kan die vorms by die kantoor kom afhaal.

- **NAUTILUS :**

Die eerste Nautiluskamp vind plaas 17 November 2018 om 14:00 te Bloemfontein (Fichardtpark). Kostes beloop R170.00 per leerder en is betaalbaar by Juf. Carol Fourie voor die 7de Februarie 2018.




# Valentynsdag

Weens die atletiek op 14 Februarie word Valentynsdag op 13 Februarie gevier in Sentieland. Daar sal lekker baie goedjies te koop wees gedurende langpouse waarmee jy jou Valentyn kan bederf.

Soentjies kan vanaf Maandag gekoop word teen R2 by jou registeronderwyser. Betaal ook jou R5 vir gewone klere





## Gr.1 - 3 leerlinge :

Skryf vooraf in vir Mnr. en Mej. Mini-Valentyn teen R10 by jou registeronderwyser.




# Sokkie! Sokkie! Sokkie!

Kaartjies te koop by Mnr. Morné van Zyl gedurende registerperiode en pouses.

- Kostes : R20 (Sluit 'n skyfie Pizza in)
- Waar : Sentrale Volkskool, skoolsaal
- Wanneer : 14 Februarie 2018
- Slegs vir Gr. 4 - 7 leerlinge

# DANKIE VIR NETJIESE WERK.



Naweeknuus 29 Januarie 2018
Ek en my ma pa en sussie het geplant. En ons het sokker gespeel. En ek my ma en my sussie het koek gaan eet. En ons het welkom toe gegaan. En ek het 'n nuwe selfoon gekry. En ek het my mondeling geleer.

Dillon Wilkinson
Graad 3-Juf. Bianca Smit

# TWEEKAMPPROEWE

**Woensdag 7 Februarie 2018 by Welkom Gimnasium om 14:00 (opwarming begin om 13:30). Hardloopitems sal by Welkom Gimnasium plaasvind en swemitems by die Welkom Munisipale Swembad, reg langs Welkom Gimnasium. Atlete wat wil deelneem moet Maandag 5 Februarie R70 inskrywingsfooi en afskrif van hul geboortesertifikaat by juf. Liezel van Zyl gaan inhandig.**

## Fonteine Atletiekbyeenkoms Uitslae :

| Ouderdom | Atleet | Plek | Item |
|---|---|---|---|
| **DOGTERS** | | | |
| Dogters 0/7 | Melandi van Schalkwyk | 2<br>2 | 60m<br>80m |
| | Irmari Smit | 4<br>4 | 60m<br>80m |
| Doters 0/8 | Micke- Dunnay le Roux | 3<br>3 | 60m<br>80m |
| Dogters 0/10 | Ané Crous | 4<br>6<br>4 | Gewigstoot<br>100m<br>80m |
| Dogters 0/11 | Jani Wessels | 6 | 70m H |
| | Nadia Campher | 5 | 80m |
| Dogters 0/12 | Victoria Dibetso | 5 | Diskus |
| Dogters 0/13 | Merinda Cronje | 1 | Spiesgooi |
| | Cuylen van Niekerk | 5 | 75m H |
| | Miya Jordaan | 6<br>5 | 1500m<br>800m |
| **SEUNS** | | | |
| Seuns 0/7 | Anthonie Pelser | 5 | 80m |
| Seuns 0/11 | Ivan de Bruyn | 1<br>1<br>2 | 100m<br>80m<br>Verspring |
| | Henro Jacobs | 1 | 70m H |
| Seuns 0/13 | BJ Pelser<br>BJ Pelser | 2<br>3 | 200m H<br>80m H |
| | Tertius Brink | 1<br>5 | Spiesgooi<br>Hoogspring |
| | Dandré Bloem | 6<br>6 | Diskus<br>Spiesgooi |
| | Keanu Swanepoel | 6 | Hoogspring |
| | Louis Cronje | 4<br>5<br>5 | Hoogspring<br>100m<br>200m |

## Sterkte!




Sterkte aan Mnr. Jannie Crause, Juf, Karen se man, wat volgende week vir 'n operasie gaan. Ons glo dit sal 'n reuse sukses wees!

Ons innige simpatie aan Christiaan Prinsloo in graad 5 met die afsterwe van sy pa. Ons gebede uit na sy gesin en familie!



| VERJAARSDAE VAN DIE MAAND : FEBRUARIE | |
|---|---|
| 1 | Boeta de Bruyn, AJ Johnson, Anka Johnson |
| 3 | Martin Leith, Jolene van Schalkwyk |
| 4 | Louis du Plessis, Lezani Engelbrecht, Cayla Olivier, Tracy Pollock |
| 5 | AJ Erasmus |
| 8 | Nathan van Greunen, Nicolene van Rooyen |
| 9 | Taiden de Carvalho, Gosego Selepe, Tiaan van Wyk |
| 10 | Johanné Jonker |
| 11 | Leentha Gerber |
| 12 | Caylen Brand |
| 13 | Lee-Ann Britz |
| 14 | Nathan Pieterson |
| 15 | Menienke Crawley, Liza-Mari Marx |
| 16 | Keanu Behrends, Pieter Beukman, Jan-Pieter Els |
| 17 | Louinique van Heerden |
| 20 | Ruden de Bruto, Fatima Saley |
| 21 | Milleék Snyders, Zanro van Rensburg |
| 22 | Rico van der Walt |
| 23 | Louwrens du Plessis, Denica Gomes |
| 25 | Elandri Lambrecht |
| 26 | Schalk Jonker |
| 27 | Alice-Ann Jansen, Mpho Sebabole |
| 28 | Leané Swart |


**Lekker Verjaar!!**



Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot 2018 se **skolierpatrollie** : Sumarie Botha, Suané Johnson, Juan Botha, Marius Boshoff, Ashton Samson, Ewald de Jager en Magiel Venter.



Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot 2018 se **koshuisprefekte** : Burnette Staal, Kelly-Ann Dorfling en Suané Johnson















# NOODNOMMERS :

DIE 10111 NOMMER IS BUITEWERKING. IN GEVAL VAN NOOD, SKAKEL DIE VOLGENDE NOMMERS :

- 056 – 216 5545
- 056 – 216 5502
- 056 – 216 5503
- 056 – 216 5500 (SKAKELBORD)



# Slaagvereistes :

**Minimum slaagvereistes:**

**Sleutels:**

Vlak 2: 30 – 39%
Vlak 3: 40 – 49%
Vlak 4: 50 – 59%

**Bevorderingsvereistes (Graad 4 – 6)**

Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde
Vlak 3 - In nog twee ander vakke.

**Bevorderingsvereistes (Graad 7)**

Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde
Vlak 3 - In nog drie ander vakke.
Vlak 2 - in oorblywende vakke.

**Bevorderingsvereistes (Graad 1 - 3)**

Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde